FOSAGAMS

Federation of Southern African Gem and Mineralogical Societies
Federasie van Suider - Afrikaanse Siersteen - en Mineralogiese Verenigings

FOSAGAMS-NUUSBRIEF 2 van 2019
www.fosagams.co.za

GEMBOREE 2019 BY UIS

Robin Groove en Jennifer Steward (Pietermaritzburg klub) by Goboboseb

Stephen en Leslie Aveline by die fluoriedterrein

Die 'klein' delwers

Foto's: Linda Stone

Die Cape Town Gem and Mineral Club word met hulle goedgeorganiseerde en suksesvolle Gemboree gelukgewens. Die uitstappies was genotvol en interessant. Dit is deur almal geniet.
Malcolm en Margaret Jackson het moeite gedoen om na Windhoek toe te gaan om die permitte vir almal gereed te kry. Dit word waardeer.

Dit was 'n plesier om Basil Calitz (eienaar van Brandberg Rest Camp), Laurie Bosman (legendariese plaaslike kunstenaar), Gisela Hinder (geoloog en eienaar van die museum by Rosh Pinah), Mike en Sonja Thygesen (eienaars van 'Desert and Gems' van Swakopmund) te ontmoet; almal van hulle altyd gewillig om betrokke by die FOSAGAMS Namibië- toere te wees.

FOSAGAMS wens Cape Town Gem and Mineral Club volgehoue sukses met hulle klubaktiwiteite toe.

'n Volledige verslag oor die Gemboree sal in die SAGM geplaas word.

GEMBOREE 2020 CLARENS

Foto: Amor Scheepers

Volgende jaar se Gemboree sal deur die Pietermaritzburg Gem and Mineral Club aangebied word. Die Gemboree sal by Clarens, genoem die juweel, edelsteen en gelukbringer van die Oos- Vrystaat gehou word.

Verskeie interessante terreine sal besoek word. Clarens is 'n gewilde vakansieoord en daarom sal die registrasievorms binnekort uitgestuur word.

Wees op die uitkyk vir die klub se communiqués. Dit sal die eerste keer wees dat 'n Gemboree in Clarens gehou gaan word.

RICHTERSVELD GEM AND MINERAL CLUB

Foto: Sonja Smit

Die Richtesveld Gem and Mineral Club (RGMC) het hulle konstitusie by die 2019- Gemboree ingehandig. Dit is met groot afwagting en entoesiasme aanvaar.

Die stigterslede, wat ook die voorsitter en die sekretaresse is, is baie bly om aan
te kondig dat hulle daarna uitsien om die klub in McDougallsbaai in die Noord- Kaap gebaseer te hê. Hulle beoog om hier 'n werkswinkel te open en om
die stokperdjie aktief onder potensiële lede te bemark.

Die stigterslede van die klub reken dat dié omgewing heelwat potensiaal aan die klub gaan bied. Met die groot hoeveelheid versamelbare materiaal in en om hulle sal dit bydraend tot die skepping en funksionering van 'n suksesvolle klub wees.

Die jeug van Port Nolloth, sowel as die huidige komiteelede, sien uit na die opening van die klubhuis. Dit is bekend dat daar nie veel in die omgewing te doen is nie, behalwe om om die groot rotsblokke wat die strand blokkeer, branderplank te ry, of om om die yskoue branders te speel.

Hiermee dan die klub se inligting en kontakbesonderhede:
Voorsitter: Werner Smit 074 288 6019 wersonsrus@gmail.com
Sekretaresse: Sonja Smit 074 288 6019 FOSAGAMSsecretary@gmail.com
Tesouriere: Sonet Mooiman richtersveldgemandmineralclub@gmail.com
Nuusbrief redakteur: Beatrix Fourie btrixfourie@gmail.com
Die klub se e- posadres: richtersveldgemandmineralclub@gmail.com
Nuusbriefpublikasie: Aan die einde van elke maand. Elf keer 'n jaar.
Klubwerkswinkeladres: Duinestraat, McDougallsbaai, Noord- Kaap

SUIDER-NAMIBIË EN NOORDELIKE KAAP- TOER 2020

Nog 'n avontuurtog is op pad! FOSAGAMS gaan 'n toer na Suider- Namibië en die Noordelike Kaap onder leiding van die inspirerende en bekwame toerleier, Malcolm Jackson, onderneem. Meer inligting t.o.v. hierdie toer sal in die FOSAGAMS- nuusbriewe gepubliseer word. Hou hierdie ruimte dop om teleurstelling te voorkom!

FACEBOOK

Ons nuwe Facebook-blad word deur Marietjie van Zyl geadministreer. Daar is reeds 'n honderd en ses en sewentig persone wat by die blad aangesluit het. Sluit by die blad aan en maak dan seker dat jy nie interessante inligting misloop nie.

MUSEUMS

Om nog meer pret te hê en om interessante plekke te besoek, bied ek aan julle nog 'n uitgawe (derde) van die geologiese- en mineralogiese museums aan:

Kitching Fossil Exploration Sentrum; Nieu Bethesda, Uit Martinstraat, Nieu Bethesda; 049 849 1733; bpipal@geosciences.wits.ac.za

Klerksdorp Geskiedenis Museum; Klerksdorp; Hv. Margaretha Prinsloo- & Lombardstrate, Klerksdorp; 018 487 8900; HvanHeerden@klerksdorp.org

Life Sciences Museum & Biodiversity Sentrum; Johannesburg; Oppenheimer Life Sciences Bldg, Ooskampus, Wits; 011 717 6464

McGregor Museum; Kimberley; Atlasstraat 5, Belgravia, Kimberley; 053 839 2735; sunet@museumsnc.co.za

Museum Africa; Johannesburg; Breestraat 121, Newtown, Johannesburg; 011 833 5624; museumafrica@joburg.org.za

North West Diggers Museum; Christiana; N12 tussen Bloemhof en Warrenton

Nasionale Museum; Bloemfontein; Aliwalstraat 36, Bloemfontein; 051 447 9609; direk@nasmus.co.za

Origins Museum@Wits; Johannesburg; Yaleweg 1, Braamfontein, Johannesburg; 011 717 4700; bookings.origins@wits.ac.za

Pelgrimsrus Museums; Pelgrimsrus; Hoofstraat, Pelgrimsrus; 013 768 1471; SimelaneN@mpg.gov.za

Port Elizabeth Museum; Bayworld; Bayworld, Beachweg 23, Humewood, Port Elizabeth, 041 584 0650; pr@bayworld.co.za

kwêla kykNET DOKUMENTÊR

Die kwêla- span van kykNET is tans besig om 'n dokumênter oor die klein delwers van Namibië te verfilm. Hulle myn topase. Mike Thygesen van Swakopmund is al die afgelope paar jaar die delwers met hulle mynbedrywighede behulpsaam.

Wees gerus op die uitkyk vir die program wat op kykNET vertoon gaan word.

HOBBY-X

Miané Stoltz (3) hou 'n klipbal as. By haar is haar pa, Colin.

Peter Beresford besig om te fasetteer

Erika Kruger verduidelik hoe om te poleer

Foto's: Linda Stone

Die Pretoria Gem and Mineral Club het nou onlangs aan die Hobby- X uitstalling by TicketPro Dome, Northgate, Johannesburg deelgeneem. Die doel van die Hobby-X is om stokperdjies en handwerk met die oog op kreatiwiteit te bevorder. Die klub se uitstalling het hoofsaaklik bestaan uit lede wat die verskillende werkstasies soos slyp, polering, fasettering en silwersmeewerk beman en aktief daaraan gewerk het. Die tuisgemaakte sfeermasjien het heelwat aandag getrek. Die organiseerders van die Hobby- X beplan om in Durban en Kaapstad ook uitstallings te reël.

AFSTERWE VAN FRANK FARQUHARSON, VOORMALIGE VOORSITTER VAN NATAL MINERAL AND GEM SOCIETY

SHEILA SHAW, TESOURIERE VAN DIE KLUB, LEWER DIE VOLGENDE HULDEBLYK AAN FRANK:

Ons liewe Frank het by die Natal Mineral and Gem Society op 4 April 2012 aangesluit en was vanaf 2015 tot 2017 die voorsitter van die klub.
Hy het vir ander omgegee en was 'n interessante persoon wat baie van sy tyd aan die klublede afgestaan het. Niks was te veel vir hom nie; hy het jonk en oud gehelp. 'n Voorbeeld hiervan is toe hy 'n verskaffer van skyfieskuurders vir die diamantskywe gevind het en toe aan elke klublid 'n skyf geskenk het.

Foto: FOSAGAMS- Nuusbrief 5 2016

Ons het 'n silwersmeewerkswinkel by die klub en Frank het 'n ring met 'n ametissteen gemaak en dit na sy dogter in Australië geneem.

Indien 'n klublid later as gewoonlik wou werk, was Frank meer as gewillig om te bly totdat die lid sy/haar werkstuk afgehandel het.

Baie stories is oor sy lewe, filosofieë en sy wedervaringe in die bosse, is met dié laat sessies vertel.
Hy was oor enige onderwerp 'n bron van inligting en 'n pragtige voorbeeld van krag en moed en het die respek van al sy klublede gehad.

Frank, rus in vrede.

AFSTERWE VAN PROFESSOR MARIAN TREDOUX

Ons het nou onlangs van die afsterwe van Professor Marian Tredoux verneem. Marian was 'n toegewyde geowetenskaplike. Die geologiese gemeenskap het aan haar die hoogste eer betoon deur 'n mineraal na haar te vernoem. Lees gerus die FOSAGAMS- nuusbrief 1 2018. Ons innige simpatie aan Professor Tredoux se familie.

Groete en kyk mooi na jouself.
Linda Stone
President FOSAGAMS

President - Linda Stone
Vise – President - Jannie Swart
Sekretaresse – Sonja Smit
Tesourier - Marietjie van Zyl
E – posadres: president@fosagams.co.za